



10 reasons to use picture books

November is International Picture Book Month – a time to celebrate those special books that capture our imagination with their carefully chosen words and beautiful illustrations. Here are ten reasons to make picture books part of your children's reading life!



10 redes om prenteboeke te gebruik

November is Internasionale Prenteboekmaand – 'n tyd om daardie spesiale boeke te vier wat ons verbeelding met hul sorgvuldig gekose woorde en pragtige illustrasies aangryp. Hier is tien redes waarom jy prenteboeke deel van jou kinders se lewens as lesers behoort te maak!

- 1. Essential resources.** Picture books are meant to be read aloud, so this makes them the perfect reading resource for sharing stories with children.
- 2. Learning how stories work.** As we read picture books to children, we can invite them to comment on the story and ask questions about it. This deepens their understanding of the story and also helps them to learn about the way in which stories and books work. This knowledge makes learning to read easier.
- 3. Talk about the book.** Reading a picture book together encourages conversations about what's happening in the story, what the characters are feeling, the meanings of words, and how what's happening in the story might relate to your children.
- 4. Developing children's language.** Picture books offer children a language feast! Through the rhythm and rhyme in many of these books, children experience the sounds of our languages. And, because picture books use fewer words than novels, the words that are chosen and how they are used, are very important. So, the rich use of language in these books develops and extends children's own use of language.
- 5. An invitation to join in.** The repetition of sentences or phrases in some picture books, allows children to join in by saying those words of the story, even before they are able to actually read them.
- 6. Learning about picture clues.** As you read picture books to children, they learn that the pictures help to tell the story and give clues to what the words are. Understanding this is essential to learning to read.
- 7. Reading pictures.** In a picture book, the illustrations are as important as the text. Reading a picture book means exploring the art in it as well. This gives children practice at interpreting pictures.
- 8. Developing empathy.** Picture books help children to learn how to step into someone else's shoes and to see life from a different perspective. Developing the ability to do this takes lots of practice, and picture books provide a place to start the process.
- 9. Safe spaces to explore.** Picture books often explore challenging questions or topics. They offer their readers opportunities to find their own answers to difficult questions, such as, "What is love?" and "Are there situations where it's okay not to tell the truth?"

- 10. Suitable for all ages.** Because picture books have fewer words in them than novels, people often think that they are only meant for young children. This is not true! Some picture books are meant to introduce very young children to stories and books. But there are also lots of picture books that appeal to older children – and even teenagers! These picture books have more complicated storylines or explore issues and ideas which older children can relate to. So, picture books are perfect for children of all ages.

- 1. Noodsaaklike hulpmiddels.** Prenteboeke is ideaal vir hardop lees, en dit maak hulle die perfekte leeshulpmiddel om stories met kinders te deel.
- 2. Leer hoe stories werk.** Terwyl ons prenteboeke vir kinders lees, kan ons hulle nooi om kommentaar te lewer op die storie en vrae daaroor te vra. Dit verdiep hulle begrip van die storie, en help hulle om te leer hoe stories en boeke werk. Hierdie kennis maak dit makliker om te leer lees.
- 3. Praat oor die boek.** Wanneer julle 'n prenteboek saam lees, moedig dit gesprekke aan oor wat in die storie gebeur, wat die karakters voel, die betekenis van woorde, en hoe dit wat in die storie gebeur, van toepassing kan wees op jou kinders.
- 4. Ontwikkel kinders se taal.** Prenteboeke is 'n taalfees vir kinders! Deur die ritme en rym in baie van hierdie boeke ervaar kinders hoe ons tale klink. En, omdat prenteboeke minder woorde as romans bevat, is die woorde wat gekies word, en hoe hulle gebruik word, baie belangrik. Die ryk taalgebruik in hierdie boeke ontwikkel en brei kinders se eie taalgebruik uit.
- 5. 'n Uitnodiging om deel te neem.** Die herhaling van sinne of frases in sommige prenteboeke laat kinders toe om deel te neem aan die leesproses deur daardie woorde van die storie op te sê, selfs voordat hulle dit regtig kan lees.
- 6. Leer van prenteleidrade.** Wanneer jy vir jou kinders prenteboeke lees, leer hulle dat die prente help om die storie te vertel en leidrade gee oor die woorde. Hierdie insig is noodsaaklik terwyl hulle leer om te lees.
- 7. Lees prente.** In 'n prenteboek is die illustrasies net so belangrik soos die teks. Om 'n prenteboek te lees beteken ook dat die prente verken word. Dit leer kinders om prente te vertolk.
- 8. Ontwikkel empatie.** Prenteboeke help kinders om te leer hoe om in iemand anders se skoene te staan en die lewe uit 'n ander perspektief te sien. Dit verg baie oefening om hierdie vermoë te ontwikkel, en prenteboeke bied 'n geleentheid om die proses te begin.
- 9. Veilige ruimtes om te verken.** Prenteboeke verken dikwels uitdagende vrae of onderwerpe. Dit bied aan lesers die geleentheid om hulle eie antwoorde op moeilike vrae te vind, soos, "Wat is liefde?" en "Is daar situasies waar dit reg is om nie die waarheid te vertel nie?"
- 10. Geskik vir alle ouderdomme.** Omdat prenteboeke minder woorde as romans bevat, dink mense dikwels dat dit slegs vir jong kinders bedoel is. Dit is nie waar nie! Sommige prenteboeke is bedoel om stories en boeke aan baie jong kinders bekend te stel. Maar daar is ook talle prenteboeke waarvan ouer kinders – en selfs tieners – sal hou! Hierdie prenteboeke het ingewikkelder storielyne of verken kwessies en idees waarby ouer kinders aanklank kan vind. Prenteboeke is dus perfek vir kinders van alle ouderdomme.



We will be taking a break until the week of 13 January 2019. Join us then for more Nalibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot die week van 13 Januarie 2019. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nalibali-leesplezier!



Drive your imagination

Join us. Share stories in your language every day.
Sluit by ons aan. Deel elke dag stories in jou taal.



The Na'ibali bookshelf



Die Na'ibali-boekrak




In celebration of International Picture Book Month, here are a few of the latest children's picture books published in South Africa.

Mpumi's magic beads

Author: Lebohang Masango

Illustrator: Masego Morulane

Publisher: David Philip/New Africa Books



Mpumi and her friends discover the magic in her hair, and what begins as an ordinary school day in Johannesburg, is suddenly full of adventure! This is a story about friendship, self-esteem, discovery and beautiful hair. It is available in all South African languages.

Ter viering van Internasionale Prentboekmaand is hier 'n paar van die jongste prentboeke vir kinders wat in Suid-Afrika gepubliseer is.

Mpumi se towerkrale

Skrywer: Lebohang Masango

Illustreerder: Masego Morulane

Uitgewer: David Philip/New Africa Books




Mpumi en haar maats ontdek die betowering in haar hare, en wat as 'n gewone skooldag in Johannesburg begin, is skielik propvol avontuur! Hierdie is 'n storie oor vriendskap, selfagting, ontdekking en pragtige hare. Dit is in al die Suid-Afrikaanse tale beskikbaar.

Goldilocks and the Three Rhinos

Author and illustrator: Joan Rankin

Publisher: Jacana Media

Goldilocks was not supposed to be in the forest alone, but she didn't always do as she was told. When she stumbles across the Rhino family's home, she unknowingly gets mixed up in their daily activities. This classic tale has been retold in an African setting. It is available in English, Afrikaans, isiXhosa and isiZulu.



Gouelokkies en die Drie Renosters

Skrywer en illustreerder: Joan Rankin

Uitgewer: Jacana Media


Gouelokkies is nie veronderstel om alleen in die bos te wees nie, maar sy luister nie altyd na wat vir haar gesê word nie. Wanneer sy op die Renoster-familie se huis afkom, raak sy onwetend betrokke by hul daaglikse aktiwiteite. Hierdie klassieke verhaal word in 'n Afrika-omgewing oortel. Dit is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu.

The Singing Stone

Author: Wendy Hartmann

Illustrators: Chantelle and Burgen Thorne

Publisher: Jacana Media



A young girl has a beautiful stone that her parents gave to her when she was born. When she holds this stone and sings, everyone in the village stops to listen. But when she is tempted by an old woman to sing songs that can control the wind and the ocean, things go wrong. With her brothers and all the other fishermen lost at sea, will she be able to undo the things that she has done? This book is available in English, Afrikaans, isiXhosa and isiZulu.

Die Singende Klip

Skrywer: Wendy Hartmann

Illustreerders: Chantelle en Burgen Thorne

Uitgewer: Jacana Media





'n Jong meisie het 'n pragtige klip wat haar ouers vir haar gegee het toe sy gebore is. Wanneer sy hierdie klip vashou en sing, gaan staan almal in die dorp om te luister. Maar wanneer 'n ou vrou haar in die versoeking lei om liedjies te sing wat die wind en die oseaan kan beheer, loop dinge skeef. Sal sy dit wat sy gedoen het ongedaan kan maak wanneer haar broers en al die ander vissermanne vermis is ter see? Hierdie boek is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu.

Anna Carries Water

Author: Olive Senior

Illustrator: Laura James

Publisher: Jacana Media



Anna fetches water from the spring every day, but she can't carry it on her head like her older brothers and sisters. In order to achieve her goal, Anna has to overcome her fear. This family story shows young readers the power of determination. It is available in English, Afrikaans, isiXhosa and isiZulu.

Anna Dra Water

Skrywer: Olive Senior

Illustreerder: Laura James

Uitgewer: Jacana Media






Anna gaan haal elke dag water by die fontein, maar sy kan dit nie op haar kop dra soos haar ouer broers en susters nie. Om haar doel te bereik, moet Anna haar vrees oorkom. Hierdie familiestorie wys vir jong lesers die krag van volharding. Dit is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu.

I am earth and I am water

Author and illustrator: Thembinkosi Kohli

Publisher: David Philip/New Africa Books

These picture books encourage readers to connect with the world we live in. The bright and cheerful illustrations and short pieces of text, explain not only the wonder of water and the earth, but also their importance in our everyday lives. These books are available in all South African languages.



Ek is aarde en Ek is water

Skrywer en illustreerder: Thembinkosi Kohli

Uitgewer: David Philip/New Africa Books

Hierdie prentboeke moedig lesers aan om in kontak te kom met die wêreld waarin ons leef. Die helder en vrolike illustrasies en kort stukkie teks verduidelik nie slegs die wonder van water en die aarde nie, maar ook hul belangrikheid in ons alledaagse lewens. Hierdie boeke is in al die Suid-Afrikaanse tale beskikbaar.



Drive your imagination

Celebrate picture books!

Bring picture book stories to life with your children by doing some of these activities together.

Write a review. Ask your children to decide what their favourite picture book is and encourage them to think about what makes it their favourite. Let them cut paper into heart shapes that are big enough to write on. Then suggest that they write the title of the book and the author's and illustrator's names on one side of the heart. On the other side, invite them to write a review saying why this particular book is their all-time favourite! (You can adapt this activity for younger children, by cutting the heart shapes for them and writing down what they tell you about their favourite book.)



Vier prenteboeke!

Laat die stories in prenteboeke lewendig word deur sommige van hierdie aktiwiteite saam met jou kinders te doen.

Skryf 'n resensie. Vra jou kinders om te besluit wat hul gunstelingprenteboek is, en moedig hulle aan om te dink oor wat dit hul gunsteling maak. Laat hulle hartvorms uit papier knip wat groot genoeg is om op te skryf. Stel dan voor dat hulle die titel van die boek en die skrywer en illustreerder se name aan een kant van die hart skryf. Laat hulle aan die ander kant 'n resensie skryf waarin hulle sê waarom hierdie spesifieke boek hul absolute gunsteling is! (Jy kan hierdie aktiwiteit vir jonger kinders aanpas deur die hartvorms vir hulle uit te knip en dan neer te skryf wat hulle vir jou oor hul gunstelingboek sê.)

Act out the story. Choose a well-loved story with exciting characters and a strong story line. With your children, write down what each character says and let them choose who they want to be! Provide story props, like pieces of fabric, hats, shoes or scarves and act out the story together.



Voer die storie op. Kies 'n geliefde storie met opwindende karakters en 'n sterk storielyn. Skryf saam met jou kinders neer wat elke karakter sê en laat hulle kies wie hulle wil wees! Verskaf rekwisiete, soos stukkie materiaal, hoede, skoene of serpe en voer die storie saam op.

Create a name book. Do this with younger children or invite older children to make a book for a younger family member. Write each letter of your child's name on a separate sheet of paper. Then let your children draw or find pictures of their favourite things for each letter of their name, for example, for the letter B: a banana, a ball and a book.



Skep 'n naamboek. Doen dit saam met jonger kinders of nooi ouer kinders om 'n boek vir 'n jonger familielid te maak. Skryf elke letter van jou kind se naam op 'n afsonderlike vel papier. Laat jou kinders dan prente van hul gunstelingdinge vir elke letter van hul naam teken, byvoorbeeld, vir die letter S: springmielies, die strand en sokker.



Try a new book. Choose a picture book that none of you has read before. Read the title together. Then page through the book, and while looking at the pictures, tell your own story to go with them. Afterwards, read the story that the author wrote. How was the story you told similar and/or different to the one that the author wrote?



Probeer 'n nuwe boek. Kies 'n prenteboek wat nie een van julle al voorheen gelees het nie. Lees saam die titel. Blaai dan deur die boek en kyk na die prente. Vertel jul eie storie wat by die prente pas. Lees na die tyd die storie wat die skrywer geskryf het. Hoe was die storie wat julle vertel het soortgelyk aan en/of anders as die een wat die skrywer geskryf het?

Have a picture-book party. Plan to have a "We love picture books" party. Display the heart-shaped book reviews your children wrote for everyone to read and ask your guests to bring along a few picture books. Make some extra blank hearts so that your guests can write their own reviews if they want to. Invite everyone to read their favourite books to each other. (Younger children can use the pictures in a book to retell the story.) Here are some other activities you could do at the party.

- ★ Paint new covers for or scenes from your favourite picture books.
- ★ Make finger puppets or story props to retell a story from a picture book.
- ★ Create your own picture-book stories.
- ★ Dress up as your favourite story characters.
- ★ Act out a picture-book story.

Hou 'n prenteboekpartyjie. Beplan 'n "Ons is lief vir prenteboeke"-partyjie. Stal die hartvormige boekresensies wat jou kinders geskryf het uit sodat almal dit kan lees, en vra jou gaste om 'n paar prenteboeke saam te bring. Maak 'n paar ekstra blanko harte sodat jou gaste hul eie resensies kan skryf indien hulle wil. Nooi almal om hul gunstelingboeke vir mekaar te lees. (Jonger kinders kan die prente in 'n boek gebruik om die storie oor te vertel.) Hier volg 'n paar ander aktiwiteite wat julle by die partytjie kan doen.

- ★ Verf nuwe omslae of tonele uit jul gunstelingprenteboeke.
- ★ Maak vingerpoppe of storierekwisiete om 'n storie uit 'n prenteboek oor te vertel.
- ★ Skep jul eie prenteboekstories.
- ★ Trek aan soos jul gunstelingkarakters uit stories.
- ★ Voer 'n prenteboekstorie op.

Keep the picture books that you love the most. One day when you are an adult, you will open them up again, and how you felt as a child will come flooding back to you!
Niki Daly

Hou die prenteboeke waarvan jy die meeste hou. Eendag wanneer jy 'n grootmens is, sal jy hulle weer oopmaak en jy sal jou kinderjare herleef!
Niki Daly



Get story active!

Here are some ideas for using the two cut-out-and-keep picture books, *Frederick* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12) and *Can you?* (pages 9 and 10), as well as the Story Corner story, *The lion and the monkey* (page 14). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.



Frederick

A family of mice are working hard to gather what they will need for the coming winter. But Frederick doesn't seem to be helping and the other mice get cross with him. However, during the long cold winter, Frederick proves that what he has to share is just as useful as the things they gathered.

- ✿ After you have read the story to your children, discuss these questions or other ones that interest them.
 - 👉 What food would you choose to collect for the winter and why?
 - 👉 What do you think of what Frederick does and doesn't do?
 - 👉 Which of these do you think is the most important: food, words or stories? Why do you think that?
- ✿ Provide your children with playdough, bottle tops, stones, leaves, seeds, shells and sticks. Let them use these to recreate scenes from the story.
- ✿ Encourage your children to use playdough to make mice and then to use them to tell stories of their own.
- ✿ Together write down ideas for what a mouse's house might look like and have in it.
- ✿ Encourage your children to make little storybooks on tiny pieces of paper for the mice in the story.



Raak doenig met stories!

Hier is 'n paar idees om die twee knip-uit-en-bêreboekies, *Frederik* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12) en *Kan jy?* (bladsye 9 en 10), asook die Storiehoekie-storie, *Die leeu en die apie* (bladsy 15) te gebruik. Kies die idees wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

Frederik

'n Familie muise werk hard om dit wat hulle vir die komende winter nodig sal hê, bymekaar te maak. Maar dit lyk nie of Frederik help nie, en die ander muise raak kwaad vir hom. Maar tydens die lang, koue winter bewys Frederik dat dit wat hy het om te deel, net so belangrik is as die dinge wat die ander muise bymekaar gemaak het.

- ✿ Nadat jy die storie vir jou kinders gelees het, kan julle hierdie vrae, of ander waarin hulle belangstel, bespreek.
 - 👉 Watter kos sal julle kies om vir die winter bymekaar te maak, en waarom?
 - 👉 Wat dink julle van wat Frederik doen en nie doen nie?
 - 👉 Watter van hierdie dink julle is die belangrikste: kos, woorde of stories? Waarom dink julle so?
- ✿ Gee vir jou kinders speeldeeg, bottelproppies, klippies, blare, sade, skulpietjies en stokkies. Laat hulle dit gebruik om tonele uit die storie te herskep.
- ✿ Moedig jou kinders aan om speeldeeg te gebruik om muise te maak, en om dan die muise te gebruik om hul eie stories te vertel.
- ✿ Skryf saam idees neer vir hoe 'n muis se huis mag lyk en wat daarin kan wees.
- ✿ Moedig jou kinders aan om klein storieboekies op klein stukkies papier te maak vir die muise in die storie.

Can you?

On each page of this book, the children do different fun actions that will make the reader smile! The repetition and humour make this book highly suitable for younger children.

- ✿ As you read the story, invite your children to try doing the actions. Which ones do they enjoy doing the most?
- ✿ After you have read the story, invite your children to look at the pictures again. This time draw their attention to the cat and talk about what the cat is doing in each of the pictures.
- ✿ Use paper and a stapler or string to make blank books. Offer these to your children so that they can create their own "Can you?" or "I can ... " books. Encourage them to read their finished books to you and each other.



Kan jy?

Op elke bladsy van hierdie boek doen die kinders verskillende prettige aktiwiteite wat die leser laat glimlag! Die herhaling en humor maak hierdie boek uiters geskik vir jonger kinders.

- ✿ Nooi jou kinders om die aksies te doen terwyl jy die storie lees. Watter geniet hulle die meeste?
- ✿ Nadat jy die storie gelees het, nooi jou kinders om weer na die prente te kyk. Vestig hierdie keer hul aandag op die kat, en praat oor wat die kat in elk van die prente doen.
- ✿ Gebruik papier en 'n kramdrukker of tou om blanko boeke te maak. Gee dit vir jou kinders sodat hulle hul eie "Kan jy?" of "Ek kan ..." -boeke kan maak. Moedig hulle aan om hul voltooide boeke vir jou en vir mekaar te lees.

The lion and the monkey

The lion, who has been trapped in a hunter's pit, begs a passing monkey for help. The monkey doesn't trust the lion, but finally the lion persuades him to hang his tail into the pit so that the lion can pull himself out. The problem is that once the lion is out of the pit, he won't let go of the monkey's tail! The monkey knows he is in terrible danger, but a clever old woman comes to his rescue.

- ✿ After you have read the story, talk to your children about the lessons they think the lion should have learnt from what happened. Then encourage them to write a letter to the lion to remind him of these things.
- ✿ Use paper plates, scissors, paper, paint and glue to create lion and monkey masks. Use sticky tape to attach them to long sticks. Then have fun acting out the story with your masks.



Die leeu en die apie

Die leeu, wat in 'n jagter se put vassit, smeek 'n apie wat verbystap om hom te help. Die apie vertrou nie die leeu nie, maar uiteindelik oortuig die leeu die apie om sy stert in die put te laat afsak sodat die leeu homself daaraan kan optrek. Maar toe die leeu uit die put is, wil hy nie die apie se stert laat los nie! Die apie weet hy is in groot gevaar, maar gelukkig kom 'n slim ou vrou tot sy redding.

- ✿ Nadat jy die storie gelees het, gesels met jou kinders oor die lesse wat hulle dink die leeu moes geleer het uit wat gebeur het. Moedig hulle dan aan om 'n brief aan die leeu te skryf om hom aan hierdie dinge te herinner.
- ✿ Gebruik papierborde, skêre, papier, verf en gom om leeu- en apie-maskers te maak. Gebruik kleeflint om die maskers op lang stokkies vas te plak. Julle kan nou jul maskers gebruik om die storie op te voer.



Create TWO cut-out-and-keep books

Can you?

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Frederik

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Kan jy?


1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

Frederik

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.




Drive your imagination



In the beginning there was lots to eat, and the mice told stories of foolish foxes and silly cats. They were a happy family.

In die begin was daar baie kos om te eet, en die muisse het vir mekaar stories vertel oor dom jakkalse en simpel katte. Hulle was 'n gelukkige familie.



The winter days came, and when the first snow fell the five little field mice took to their hideout in the stones.

Die winterdae het gekom. En toe die eerste sneeuvalkies begin val, het die vyf klein veldmuissies na hulle wegkruipplek in die klipmuur gevlug.



We publish what we like


This is an adapted version of *Frederick* published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in English, Afrikaans, isiXhosa, isiZulu and Sesotho. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Frederik*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa, isiZulu en Sesotho. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (World rights) Tel: 011 628 3200




Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi




Frederick Frederik



Leo Lionni
Marlise Joubert




And once Frederick seemed half asleep.
“Are you dreaming, Frederick?” they asked reproachfully.
But Frederick said, “Oh no, I am gathering words. For the winter days are long and many, and we’ll run out of things to say.”
“Toe Frederick eenkeer lyk asof hy half aan die slaap is, het hulle versigtig gevra: “Droom jy nou, Frederick?”
Maar Frederick sê: “O, nee, ek maak woorde bymekaar. Want die winterdae is lank en so baie, en ons gaan later niks meer hê om vir mekaar te sê nie.”



All along the meadow where the cows grazed and the horses ran, there was an old stone wall.


Al met die weiveld langs waar die koeie vreet en die perde galop, was daar ’n ou klipmuur.



But little by little they had nibbled up most of the nuts and berries, the straw was gone, and the corn was only a memory. It was cold in the wall and no one felt like chatting.

Frederick blushed, took a bow, and said shyly, “I know it.”

Frederik het gebloos, ’n buiging gemaak en skamerig gesê: “Ek weet, ja.”





Maar algaande het hulle die meeste van die neute en bessies opgevrete. Die strooi was weg en die koring was net 'n herinnering. Dit was yskoud in die muur en niemand was meer lus om te gesels nie.



In that wall, not far from the barn and the granary, a chatty family of field mice had their home.

In hierdie muur, nie ver van die skuur en die graanstoor af nie, het 'n vrolike familie veldmuisse gewoon.


When Frederick had finished, they all applauded.

“But Frederick,” they said, “you are a poet!”


Toe Frederik klaar is, het almal hulle hande geklap.

“Maar Frederik,” sê hulle toe, “jy is 'n digter!”





En toe hulle sien hoe Frederik net daar sit en staar na die weiveld, sê hulle: “En nou, Frederik?”
 “Elk maak kleure bymekaar,” antwoord Frederik eenvoudig. “Want die winter is grys.”



Then they remembered what Frederick had said about sun rays and colours and words.
 “What about *your* supplies, Frederick?” they asked.
 “Toe onthou hulle wat Frederick gesê het oor die sonstrale en die kleure en die woorde.
 “Waar is *jou* kos dan om te eet, Frederik?” het hulle gevra.

But the farmers had moved away, the barn was abandoned, and the granary stood empty. And since winter was not far off, the little mice began to gather corn and nuts and wheat and straw. They all worked day and night.

All – except Frederick.



“En die woorde, Frederik?”
 Frederik het sy keel skoongemaak, so ’n rukkie gewag en toe, asof hy op ’n verhoog staan, sê hy:

“Wie strooi die sneeuvlokkies rond?
 Wie smelt die ys?
 Wie mors met die weer? Wie laat dit wys?
 Wie laat die vierblaarklawers elke jaar ontdooi?
 Wie doof die daglig? Wie verlig die maan so mooi?
 Vier klein veldmuise wat die ganse hemel bedek.
 Vier klein veldmuise ... net soos jy en ek.
 Die een is die lentemuis wat die reën laat gebeur.
 Dan kom die somermuis om blomme in te kleur.
 Die herfsmuis is volgende met neut en bone.
 En die wintermuis is laaste met klein koue tone.
 Ons is gelukkig met al vier seisoene se weer.
 Dink aan ’n jaar met een minder, of een meer!”

tickle tickle tickle
kiele kiele kiele



Tickle your tummy
Kiele jou pensie

wiggle wiggle wiggle
kreu kreu kreu



Wiggle your nose
Kreu jou neusie



This is an adapted version of *Can you?* published by New Africa Books and available in bookstores and online from www.loot.co.za and www.takealot.com. This story is available in the eleven official South African languages and is part of the New African Stories series – a series of beautifully illustrated children's stories collected from across Africa.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Kan jy?* uitgegee deur New Africa Books en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.loot.co.za en www.takealot.com. Hierdie storie is in die elf amptelike Suid-Afrikaanse tale beskikbaar en is deel van die reeks, Nuwe Stories uit Afrika – 'n reeks pragtig geïllustreerde kinderstories van oral oor Afrika.

dp davidphilip
Trading as **New Africa Books**

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Can you? Kan jy?




Carole Bloch
Wendy Hardie
Carolize Jansen

stamp stamp stamp
stamp stamp stamp




Stamp your feet
Stamp jou voete

Shrug your shoulders
Trek jou skouers op



shrug shrug shrug
op op op

shake shake shake
wik wik wikkel




Shake your body
Wikkel jou lyfie

Wave goodbye
Waai ba-baai



wave wave wave
waai waai waai



And when they saw Frederick sitting there, staring
at the meadow, they said, "And now, Frederick?"
"I gather colours," answered Frederick simply.
"For winter is grey."

"And the words, Frederick?"


Frederick cleared his throat, waited a moment, and
then, as if from a stage, he said:



"Who scatters snowflakes? Who melts the ice?
Who spoils the weather? Who makes it nice?
Who grows the four-leaf clovers in June?
Who dims the daylight? Who lights the moon?
Four little field mice who live in the sky.
Four little field mice ... like you and I.
One is the Springmouse who turns on the showers.
Then comes the Summer who paints in the flowers.
The Fallmouse is next with walnuts and wheat.
And Winter is last ... with little cold feet.
Aren't we lucky the seasons are four?
Think of a year with one less ... or one more!"



Maar die plaasmense het weggetrek en daarom
was die skuur verlate en het die graanstoor leeg-
gestaan. Omdat die winter al baie naby was, het die
klein muisies begin om mielies en neute en koring en
strooi bymekaar te maak.

Almal, behalwe Frederik.






“Frederick, why don’t you work?” they asked.

“I do work,” said Frederick. “I gather sun rays for the cold dark winter days.”

“Frederik, hoekom werk jy nie?” het hulle gevra.

“Ek werk mos,” het Frederik gesê. “Ek maak sonstrale bymekaar vir die koue donker winterdae.”



“Close your eyes,” said Frederick, as he climbed onto a big stone. “Now I send you the rays of the sun. Do you feel how their golden glow . . .?”

And as Frederick spoke of the sun the four little mice began to feel warmer. Was it Frederick’s voice? Was it magic?

“Maak toe julle oë,” het Frederik gesê terwyl hy op ’n groot klip klim. “Nou stuur ek vir julle die strale van die son. Voel julle die goue gloed . . .?”

En terwyl Frederick vertel van die son, begin die vier muis al hoe warmer te voel. Was dit Frederick se stem? Was dit toverkuns?

“And how about the colours, Frederick?” they asked anxiously.

“Close your eyes again,” Frederick said. And when he told them of the blue periwinkles, the red poppies in the yellow wheat, and the green leaves of the berry bush, they saw the colours as clearly as if they had been painted in their minds.

“En wat van die kleure, Frederik?” het hulle benoud gevra.

“Maak julle oë weer toe,” het Frederik gesê. En terwyl hy hulle vertel van die blou petunias, die rooi papawers in die geel koringland en die groen blare van die bessiebos, begin hulle die kleure sien asof dit in hulle gedagtes geverf is.



Reading club corner

As 2018 comes to an end, it is good to look back on the year! It's a time to remember the fun you have had together at your reading club and to celebrate its achievements. Here are some ideas to help plan and run an end-of-year reading club celebration!

1.

Decide what you are celebrating.

What will you celebrate? Here are some suggestions. Celebrate:

- ★ your club's achievements, both big and small.
- ★ the contribution each member has made to your club.
- ★ the contributions your club has made to the wider community.

2.

Plan the event.

- ★ Involve all the volunteers in the planning.
- ★ Decide on the date, time and venue of your event. Choose a venue that is safe and easy for everyone to get to. If it is indoors, choose a venue that you can decorate, like a church hall or community hall, or a classroom.
- ★ Choose a theme for your event and decide how you will decorate the venue.
- ★ Decide whether you will give out certificates to club members for attendance and/or special achievements.
- ★ Decide what entertainment there will be.
- ★ Decide how you will let everyone know about the event – and how they will let you know if they are coming.

Entertainment ideas

- Storytelling and poetry reading by club members or adults
- Acting out a story
- Face painting
- Games
- Songs

Ideas for decorating an indoor venue

- Colourful paper chains made by the children
- Balloons
- The children's art and drawings
- Cardboard face masks of story characters made by the children
- Posters
- Book reviews written by the children

3.

Involve others.

- ★ Invite other adults to help at the event. Remember to invite the children's parents and other caregivers, teachers, librarians and school principals so that they can support and promote your reading club in 2019!
- ★ Ask local businesses to donate snacks, drinks and other items for the event. Or ask them to donate money so that you can buy the things you need.
- ★ Remember to organise a team to clean up the venue after the event.

Things you might need

- Invitations
- Certificates
- Decorations for the venue
- Tables for the snacks and cooldrink
- Chairs or blankets to sit on
- A sound system, if your venue is very large or outdoors
- Snacks and drinks
- Bags to put rubbish in and other materials for cleaning up afterwards

4.

Draw up a programme for the event.

- ★ Have a start and finish time for each item on the programme.
- ★ A good programme has a welcome speech (about 5 minutes) and a short talk (no more than 15 minutes) about the club's highlights for the year as well as plans for the next year. Decide who these speakers will be. Think about including older children as speakers.
- ★ If you are handing out certificates, allow time for this and decide who will do it.
- ★ You'll need plenty of time for everyone to enjoy the entertainment and snacks.

Leesklubhoekie

Namate 2018 einde se kant toe staan, is dit goed om terug te kyk na die jaar! Dit is 'n tyd om die pret te onthou wat julle saam by jul leesklub gehad het, en om die klub se prestasies te vier. Hier volg 'n paar idees om julle te help om 'n jaareindfees vir julle leesklub te beplan!

1.

Besluit wat julle wil vier.

Wat gaan julle vier? Hier volg 'n paar voorstelle. Vier:

- ★ jul klub se prestasies – groot en klein.
- ★ elke lid se bydrae tot die klub.
- ★ jul klub se bydraes tot die breër gemeenskap.

2.

Beplan die byeenkoms.

- ★ Betrek al die vrywilligers by die beplanning.
- ★ Besluit op die datum, tyd en plek vir die byeenkoms. Kies 'n plek waarby almal veilig en maklik kan uitkom. Indien dit binnenshuis is, kies 'n plek wat julle kan versier, soos 'n kerk- of gemeenskapsaal, of 'n klaskamer.
- ★ Kies 'n tema vir jul byeenkoms en besluit hoe julle die plek gaan versier.
- ★ Besluit of jy sertifikate aan klublede gaan uitdeel vir bywoning en/of spesiale prestasies.
- ★ Besluit watter vermaak daar gaan wees.
- ★ Besluit hoe jy almal van die byeenkoms in kennis gaan stel – en hoe hulle jou gaan laat weet of hulle dit gaan bywoon.

Idees vir vermaak

- Klublede of ander volwassenes kan stories vertel of gedigte voordra
- Opvoering van 'n storie
- Gesigverf
- Speletjies
- Liedjies

Idees om 'n binnenshuise lokaal te versier

- Kleurvolle papierkettings wat die kinders self gemaak het
- Ballonne
- Die kinders se kuns en tekeninge
- Kartongesigmaskers van storie karakters wat die kinders gemaak het
- Plakkate
- Boekresensies wat die kinders geskryf het

3.

Betrek ander mense.

- ★ Nooi ander volwassenes om te help by die byeenkoms. Onthou om die kinders se ouers en ander versorgers, onderwysers, bibliotekaris en skoolhoofde uit te nooi sodat hulle jou leesklub in 2019 kan ondersteun en bevorder!
- ★ Vra plaaslike sakeondernemings om eetgoed, drinkgoed en ander items vir die byeenkoms te skenk. Of vra hulle om geld te skenk sodat jy die goed wat julle nodig het, kan koop.
- ★ Onthou om 'n span te reël wat die plek na die tyd kan skoonmaak.

4.

Stel 'n program vir die byeenkoms op.


- ★ Bepaal 'n begin- en eindtyd vir elke item op die program.
- ★ 'n Goeie program bevat 'n verwelkomingsboodskap (sowat 5 minute) en 'n kort praatjie (nie langer as 15 minute nie) oor die klub se hoogtepunte vir die jaar, en ook planne vir die volgende jaar. Besluit wie hierdie sprekers sal wees. Dink daaraan om ouer kinders as sprekers in te sluit.
- ★ As jy sertifikate gaan uitdeel, laat tyd hiervoor toe en besluit wie dit sal uitdeel.
- ★ Jy sal baie tyd moet toelaat vir almal om die vermaak en verversings te geniet.

Wat jy dalk sal nodig hê

- Uitnodigings
- Sertifikate
- Versierings vir die lokaal
- Tafels vir die verversings en koeldrink
- Stoele of komberse om op te sit
- 'n Klankstelsel, indien jou plek baie groot is of buite is
- Eet- en drinkgoed
- Sakke vir rommel en ander materiaal om na die tyd skoon te maak

The lion and the monkey

By Ikeogu Oke ★ Illustrations by Jiggs Snaddon-Wood



One day Grandpa wanted to teach us a lesson about trust and gratitude, so he told us a story about the lion and the monkey ...

The lion and the monkey lived in a thick jungle. The lion roamed the jungle floor, while the monkey lived in the treetops. One day the lion saw some meat on top of a banana leaf on the jungle floor. "There's a free and easy meal for me," he thought.

The lion moved towards the middle of the banana leaf, but as he sunk his teeth into the meat, the ground gave way beneath him. Together with the meat and the banana leaf, he fell into a deep pit.

"How was the lion to have known that a free meal is not always free; that an easy meal is not always as easy as it seems?" commented Grandpa. "How could the king of the jungle have known that a hunter had dug a deep pit and covered it with the banana leaf, then placed the meat in the middle of the leaf and covered the leaf with sand to disguise it?"



The pit was so narrow that the lion could only stand upright, on his hind legs. He made frantic efforts to climb out of the deep pit, but with each attempt the red soil crumbled under his claws and he sank back to the bottom of the pit. The exhausted

lion was still there at dusk when suddenly he saw a tail pass by. The tail belonged to a monkey who had jumped over the pit. The lion called desperately for help.

"What is the royal one doing in such a deep dark place?" asked the monkey looking into the pit.

"I fell in," said the lion in a weak voice. "I have been here all day. Please help me."

The monkey hesitated and started to walk away, but the lion begged him again. Then the monkey said, "I am told that all the animals that ever did you a good turn, never lived to tell the story."

"I know you are too smart to believe lies told by my enemies," said the lion. "Please, please help me."

In the end the monkey took pity on the lion and lowered his tail into the pit like a rope. The lion held on to the monkey's tail and climbed up it. But even when he was out of the pit, the lion hung onto the monkey's tail.

"Let me go! Haven't I helped you out of the deep pit as you begged me to?" the monkey asked the lion.


But the lion tightened his grip on the monkey's tail even more, and when the monkey looked into the lion's eyes, he saw the look of hunger. "Please let me go!" the monkey cried. But the lion's grip only got tighter.

Suddenly, an old woman appeared. She was on her way to her farm when she saw the animals arguing. She stopped and asked them why they were quarrelling. The monkey told her how he had helped the lion out of the deep pit. "But now he is holding onto my tail and he won't let me go," he complained.

"Is this true?" the old woman asked the lion. The lion nodded in agreement. Then the old woman said to the monkey, "Clasp your hands and say, 'I am about to die for my kindness. I am about to die for my kindness.'" So the monkey did this.

The old woman then turned to the lion and said, "Clasp your paws and say, 'Someone is about to die for his kindness. Someone is about to die for his kindness.'" The lion raised his free front paw and repeated the old woman's words.

"No!" said the old woman. "I said clasp your paws, and I mean your two front paws, and then say the words." As the lion obeyed her command and clasped his paws, the monkey escaped and ran away. The lion chased the monkey until the monkey climbed up a nearby tree. Crestfallen, the lion looked back at the spot where they had seen the old woman, but she was no longer there.



Grandpa paused and looked at our faces that had suddenly lit up at the happy ending for the monkey.



Drive your
imagination

Die leeu en die apie

Deur Ikeogu Oke ★ Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood

Eendag wou Oupa vir ons 'n les leer oor vertrouwe en dankbaarheid, en toe vertel hy vir ons die storie van die leeu en die apie ...

Die leeu en die apie het in 'n digte oerwoud gewoon. Die leeu het op die grond rondge-loop, en die apie het in die boomtoppe geswaai. Eendag sien die leeu vleis op 'n piesangblaar op die oerwoudvloer. "Hier is 'n gratis en maklike maaltyd vir my," dink hy.

Die leeu stap na die middel van die piesangblaar, maar toe hy sy tande in die vleis slaan, gee die grond onder hom pad. Hy val saam met die vleis en die piesangblaar in 'n diep put.

"Hoe moes die leeu weet dat 'n gratis maaltyd nie altyd gratis is nie; dat 'n maklike maaltyd nie altyd so maklik is soos dit lyk nie?" sê Oupa. "Hoe moes die koning van die oerwoud geweet het dat 'n jagter 'n diep put gegrawe en dit met 'n piesangblaar bedek het, toe die vleis in die middel van die blaar neergesit en die blaar met sand bedek het om dit weg te steek?"



Die put was so nou dat die leeu net op sy agterbene kon regop staan. Hy probeer alles om uit die diep put te klim, maar elke keer verkrummel die rooi grond onder sy kloue, en hy val terug na die bodem van die put.

Die uitgeputte leeu was teen skemer steeds in die diep put toe hy skielik 'n stert sien verbyswiep. Die stert behoort aan 'n apie wat oor die put gespring het. Die leeu roep desperaat om hulp.

"Wat doen die koning van die oerwoud in so 'n diep, donker put?" vra die apie terwyl hy in die put afkyk.

"Ek het ingeval," sê die leeu met 'n moeë stem. "Ek is al heeldag hier. Help my asseblief."

Die apie huiwer en begin wegstap, maar die leeu smeekeer. Toe sê die apie: "Ek hoor dat nie een van die diere wat al vir jou 'n klip uit die pad gerol het, geleef het om die storie te vertel nie."

"Ek weet jy is te slim om leuens te glo wat my vyande vertel," sê die leeu. "Help my asseblief tog."

Op die ou end kry die apie die leeu jammer en hy laat sy stert soos 'n tou in die diep put afsak. Die leeu hou aan die apie se stert vas en klim boontoe. Maar toe hy uit die put is, bly hang die leeu aan die apie se stert.

"Los my! Het ek jou nie uit die diep put gehelp soos jy my gevra het nie?" vra die apie vir die leeu.

Maar die leeu hou die apie se stert al stywer vas, en toe die apie na die leeu kyk, sien hy die honger in die leeu se oë. "Laat my asseblief gaan!" huil die apie. Maar die leeu klou die apie se stert net stywer vas.

Skielik verskyn 'n ou vrou. Sy is op pad na haar plaas toe en sien hoe die diere redekawel. Sy gaan staan en vra hulle waarom hulle stry. Die apie vertel haar hoe hy die leeu uit die diep put gehelp het. "Maar nou wil hy nie my stert laat los nie," kla die apie.

"Is dit waar?" vra die ou vrou vir die leeu. Die leeu knik instemmend. Toe sê die ou vrou vir die apie: "Vou jou hande saam en sê: 'Ek gaan sterf vir my goedhartigheid. Ek gaan sterf vir my goedhartigheid.'" Die apie doen dit toe.

Die ou vrou draai na die leeu toe en sê: "Vou jou pote saam en sê: 'Iemand gaan sterf vir sy goedhartigheid. Iemand gaan sterf vir sy goedhartigheid.'" Die leeu lig toe sy vry voorpoot op en herhaal die ou vrou se woorde.

"Nee!" sê die ou vrou. "Ek het gesê vou jou pote saam, en ek bedoel albei jou voorpote, en sê dan die woorde." Toe die leeu doen wat sy sê en sy voorpote saamvou, ontsnap die apie en hardloop weg. Die leeu jaag die apie tot hy in 'n boom daar naby klim. Teleurgesteld kyk die leeu terug na die plek waar hy die ou vrou gesien het, maar sy is nie meer daar nie.



Oupa bly stil en kyk na ons gesigte wat skielik ophelder omdat die storie 'n gelukkige einde vir die apie het.



Nal'ibali fun Nal'ibali-pret



1.

★ Be a word detective and find these things in the story, *Frederick*.



- five kinds of animals: _____
- four seasons: _____
- six colours: _____
- three numbers: _____
- a month of the year: _____
- two things that are in the sky: _____

★ Wees 'n woordspeurder en vind hierdie dinge in die storie, *Frederik*.


- vyf soorte diere: _____
- vier seisoene: _____
- ses kleure: _____
- drie getalle: _____
- twee soorte blomme: _____
- twee dinge in die lug: _____



2.

★ Can you help? The children's balloon strings have got mixed up. Work out which colour balloon belongs to which child.


★ Kan jy help? Die toutjies van die kinders se ballonne het deurmekaar geraak. Werk uit watter kleur ballon aan watter kind behoort.



3.

★ Which two cupcakes are exactly the same?

★ Watter twee kolwyntjies is presies dieselfde?



Answers: 1. (a) cows, horses, mice, foxes, cats (b) spring, summer, fall (autumn), winter (c) grey, blue, red, yellow, green, golden (d) one, four, five (e) June (f) sun, moon 2. Neo = purple, Bella = orange, Priya = blue, Afrika = yellow 3. B and D
Antwoorde: 1. (a) koeie, perde, muise, katte (b) lente, somer, herfs, winter (c) grys, blou, rooi, geel, groen, goue (d) een, vier, vyf (e) petunias, papawers (f) son, maan 2. Neo = pers, Bella = oranje, Priya = blou, Afrika = geel 3. B en D

Don't forget that we will be taking a break until the week of 13 January 2019. Enjoy the holidays, and join us after the holiday for more Nal'ibali reading magic! In the meantime, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi to find stories and reading-for-enjoyment inspiration.



Onthou dat ons 'n blaaskans neem tot die week van 13 Januarie 2019. Geniet die vakansie en sluit na die vakansie weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplesier! Gaan intussen na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi vir stories en lees-vir-genot-inspirasie.

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SW
Sunday
World



Drive your
imagination